



# Hoofstuk van die dag: Esegiël 45 – 46

*Maar wanneer die gewone burgers op feesdae in die teenwoordigheid van die Here wil kom, moet dié wat deur die noordpoort inkom om in aanbidding te buig, by die suidpoort uitgaan, en dié wat deur die suidpoort inkom, moet by die noordpoort uitgaan. Niemand mag teruggaan deur die poort waar hy ingekom het nie, almal moet by die ander kant uitgaan.*

*(Eseg 46:9)*

Vir ons is al die reëls en regulasies wat hier afgekondig word, ietwat vreemd en selfs vermoeiend. Ons is mos vrygemaak deur Christus, en ons wil vasstaan in hierdie vryheid en ons nie onder ’n nuwe slawejuk laat indwing nie (Gal 5:1). Op ’n ander plek skryf Paulus ook dat alles ons geoorloof is (1 Kor 6:12 en 10:23), maar – en hier is die vangplek – nie alle vryhede wat ek het, is opbouend nie.
Dis in die lig hiervan dat ons die reëlings wat Esegiël hier tref, moet verstaan. Dit gaan nie oor doodse wettiese reëls nie. Maar as almal maak wat hulle wil, sal dit tot anargie in die kerk lei. Daar ís ’n plek vir sterk, vaste riglyne in die kerk. Daarom moet ons ag slaan op geestelike leiers wat die reëls neerlê, soos Esegiël hier doen.
Dit geld ook vir jou persoonlike geloofslewe.

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼


- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026